Metaalwerk SG VR2 **NOVEMBER 2007**

Vraag 1
Hierdie vraag is redelik goed beantwoord in vergelyking met vorige jare. Meeste kandidate het iets geteken wat min of meer soos die verlangde antwoord gelyk het.

Vraag 2
Die vraag oor die isometriese tekening is nie so goed as wat verwag is, beantwoord nie. Verskeie kandidate het geen idée hoe om lyne wat nie op die vertikale of horisontale vlakke is, te teken nie (skuis lyne). Baie kandidate kan nog steeds nie 'n sirkel in isometries konstrueer nie.

Vraag 3
Die twee-puntperspektieftekening is baie goed beantwoord. Baie min kandidate het probleme met hierdie vraag gehad.

Vraag 4
Hierdie vraag is nog steeds die swakste beantwoord in die eksamen. Amper 40% van kandidate het geen idée hoe om 'n eenvoudige tekening in derdehoekse projeksie te teken nie, en teken dan 'n antwoord in eerste hoese projeksie. Kandidate lees ook nie die vraag ordentelik nie. Baie het 'n regter aansig geteken wanneer 'n linker aansig gevra was.

Question 5
Die meerderheid van kandidate het nie geweet hoe om 'n ware vorm van die deursnee te projekteer nie. Verskeie kandidate weet ook nie dat seksies deur verskillende materiaal in teenoorgestelde rigtings gearseer moet word nie.